

## **Zelda Barends\***

Geletterdheid is 'n fundamentele mensereg vir almal. Dit open die deur vir die genieting van ander menseregte, groter vryhede en wêreldburgerskap. Eenvoudig gestel, is dit die grondslag vir mense om ruimer kennis, vaardighede, waardes, houdings en gedrag te verwerf om ten volle en met selfvertroue aan die samelewing deel te neem. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat ons onself op Internasionale Geletterdheidsdag (8 September) herinner aan die grondbeginsels wat nodig is vir 'n leerder om geletterd te word.

Dit is belangrik om leerders te ondersteun op hul reis om te leer lees, maar dit kan oorweldigend voel. Terwyl ek as 'n ma van 'n grondslagfase-leerder my seun op sy leesreis ondersteun, dink ek dikwels aan die ouers wat nie oor die begrip beskik wat ek het nie. Onderwysers doen hul heel beste om ons kinders te onderrig en ondersteun. In ons samewerking met ons onderwysers in die onderrig van ons kinders moet ons onthou dat ons as ouers ons kinders se eerste onderwyser is. Dit is dus belangrik dat ouers ook verstaan wat die boustene vir doeltreffende geletterdheidsonderrig is.

Ons kinders se mondelinge taalgebruik is van deurslaggewende belang in hul geletterdheidsreis. Mondelinge taal verteenwoordig kinders se groeiende vermoë om die woorde en sinstrukture van die taal/tale wat hulle praat te verstaan en voort te bring. Mondelinge taalvaardighede sluit kinders se voortdurend groeiende woordeskat in, wat ook 'n voorloper vir leesbegrip is. Eenvoudig gestel, hoe sterker kinders se mondelinge taalvaardighede, hoe makliker sal hulle in staat wees om te verstaan wat hulle lees.

Woordeskat is nie die enigste grondslag vir leesbegrip nie. Vaardige woordlees, wat dekodering (klank van onbekende woorde) insluit, asook leerders se vermoë om bekende woorde outomaties te herken, is 'n noodsaaklike grondslag vir leesbegrip. Vir ons kinders om dit met gemak te doen, moet ons verseker dat hulle genoeg kennis van die alfabet het. Dit impliseer dat hulle die gedrukte vorm en klank van elke letter by mekaar moet kan pas. As leerders klanke binne woorde kan identifiseer en manipuleer, sal hulle suksesvol kan dekodeer.

Dit in ag genome, hoe weet ons as ons kinders sukkel? Die reis na geletterdheid is kompleks en dit vat jare om te leer lees, so dit kan moeilik wees om te sê of jou kind op koers is of bykomende ondersteuning nodig het. By jong kinders sluit vroeë tekens van uitdagings om te leer lees probleme met mondelinge taalgebruik in, asook met die manipulering van klanke binne woorde en met die aanleer van die alfabet. Hierdie is maar 'n paar van die grondliggende kwessies om te oorweeg en 'n mens kan 'n oordeel hieroor vel met kinders so jonk as drie tot vyf jaar oud. Ons leef in 'n era waar tegnologie 'n sleutelrol speel en kinders wat leer lees, wel op verskeie maniere kan ondersteun.

Onderwysers gebruik dikwels programme wat wissel van om 'n kind te help om 'n spesifieke woord uit te spreek tot om 'n hele boek vir 'n kind te lees. Programme soos hierdie bied oefening en geïndividualiseerde hulp terwyl die onderwyser met ander kinders besig is. Talle rekenaarprogramme en toepassings is ook beskikbaar om kinders met spesifieke behoeftes te ondersteun. Dit kan toeganklikheidsienskappe insluit wat hindernisse uit die weg ruim wat kinders andersins met toegang tot gedrukte materiaal kan ervaar.

Maar tegnologie behoort nie die behoefte dat kinders deur ouers, versorgers, ander gesinslede en onderwysers onderrig en aangemoedig word, te vervang nie. Alle tegnologie word nie op dieselfde manier geskep nie. Tegnologie kan byvoorbeeld steurende eienskappe bevat, soos knoppies tydens 'n voorleessessie wat nie die betekenis van die storie ondersteun nie. Daar is voorts geen plaasvervanger vir warm en responsiewe heen-en-weer gesprekke en interaksies terwyl kinders leer nie.

Ondanks die wonder van tegnologie moet ons ook nie die krag van skryf ontken nie. Daar is 'n onderlinge verhouding tussen lees en skryf. Geletterheidsnavorsers en onderwysers praat oor dekodering (die klank van woorde) en enkodering (die spel van woorde). Hierdie twee aksies maak op dieselfde grondliggende kennis staat: om die klanke waaruit woorde bestaan en die letters wat daardie klanke verteenwoordig, te ken. Om skryf te oefen help kinders dus om hul leesvaardighede te verbeter. Dit is veral belangrik vir jonger kinders. Terwyl hulle leer hoe letters met klanke ooreenstem en hoe om woorde te klank, is die oefening van spelling ook voordelig.

Daar is geweldige druk op leerders om teen die einde van gr. 3 te leer lees, omdat hulle in gr. 4 lees gebruik om te leer. Ons moet dus so vroeg moontlik begin met die ontwikkeling van die vaardighede wat vir lees nodig is. Dit is waar dat onderwysers aan die begin van die grondslagfase daarop moet fokus om kinders in grondslag-leesvaardighede te onderrig sodat hulle selfversekerde lesers (en skrywers) kan word.

Maar grondslagvaardighede alleen sal nie jou kind voorberei om te lees om te leer nie; dit verg ook mondelinge taal- en kennisontwikkeling. Selfs voordat kinders woorde vlot kan dekodeer, kan hulle leer deur te luister na boeke wat hardop deur onderwysers, ouers en ander versorgers gelees word. Die taal van boeke is meer formeel as die taal wat ons in daaglikse gesprekke gebruik en sluit dikwels woordeskat in wat ons nie gewoonlik gebruik terwyl ons praat nie. Die gesprekke wat voor, tydens en ná voorlees plaasvind, is ook belangrik vir kinders om te leer.

Ons moenie vergeet dat dit nooit te laat is om leesvaardighede te ontwikkel nie. Selfs met goeie vroeë onderrig ondervind sommige kinders in latere grade aansienlike probleme om te leer lees. Hulle kan met noukeurige onderrig, oefening en ondersteuning groot vordering maak. As jou kind sukkel om te lees, bly vasberade en hoopvol.

**\*Dr Zelda Barends is 'n senior lektor in die Departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch.**